## 20.5 RAPPORT FINANSIËLE HULPBETONING – SOUTPANSBERG

## 20.5 REPORT FINANCIAL HELP – SOUTPANSBERG

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Sinode 2015:142, 3.1.2 en 3.1.3 het die volgende opdragte gegee: | **1. Mandate**<br>Synod 2015:142, 3.1.2 and 3.1.3 gave the following instructions: |
| 1.1 Dat die Sinode Deputate aanwys om bystand te verleen aan kerke wat fondse insamel om kerke te bou, omdat hulle nie meer die vrye gebruik van hul geboue het nie. Die fondse moet gebruik word om gemeentes te help om geboue op te rig sodat lidmate ongehinderd en rustig die Here kan dien. Hierdie hulp word alleenlik aangewend waar dit duidelik geword het dat dit nie moontlik is om geboue in vrede te gebruik nie. | 1.1 Deputies are to be appointed to offer support to churches that raise funds to build churches that no longer have the free use of their buildings. The funds are to be applied to assist congregations to erect buildings that members may worship the Lord unhindered. This aid should only be offered when it is clear that the congregation can no longer go about their activities in peace. |
| 1.2 Dat die Algemene Sinode, soos in die verlede, daarvoor voorsiening maak om kerke wat steeds by litigasie betrokke is en/of nie in 'n posisie is om aan 3.1.2 gevolg te gee nie, finansiëel by te staan. | 1.2 The General Synod is to make provision, as in the past, for financial support to churches involved in litigation and/or not in a position to fulfil 3.1.2. |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Die Deputate het op 3 Maart 2015 en 21 September 2015 vergader. | 2.1 The Deputies held meetings on 3 March 2015 and 21 September 2015. |
| 2.2 Bystand met betrekking tot die insameling van fondse is aan die GK De Hoop verleen. 'n Skrywe is aan al die GKSA gemeentes gerig waarin vir finansiële steun gevra is. | 2.2 Support in terms of fundraising was offered to the GK De Hoop, upon receiving a written request to the GKSA congregations for financial support. |
| 2.3 Skakeling tussen die Admin Buro en die Deputate ten aansien van finansiële oorbetalings aan De Hoop, het deurentyd plaasgevind. | 2.3 The Administrative Bureau and Deputies liaised throughout in regard to the financial transfers to De Hoop. |
| 2.4 De Hoop – GK De Hoop (donasies kerkgebou): | 2.4 De Hoop – GK De Hoop (donations church building): |
| 2.4.1 Openingsaldo 01-11-2016: R33 605.50 | 2.4.1 Opening balance 01-11-2016: R33 605-50 |
| 2.4.2 Saldo op 30-06-2017: R8 605-50 | 2.4.2 Balance 30-06-2017: R 8 605-50 |
| 2.5 Geen finansiële steun is aan gemeentes verleen wat by litigasie betrokke is nie. | 2.5 No financial support was offered to congregations involved in litigation. |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>Die Sinode benoem weer Deputate met die opdrag soos in 1 van die Rapport vermeld. | **3. Matters that the Synod decide on**<br>The Synod is to appoint Deputies with the mandate set out in 1 of the Report. |

*Rapporteur*: Dr PH Heystek

*Reporter*: Dr PH Heystek